# Vatlappe vir 'n warm teepot

Vatlappe kom altyd nuttig te pas en met Kersfees net om die draai kan hierdie twee oulike geskenkies gerus nou gehekel word

## ROKKIE VIR 'N TEEPOT

**BENODIGDHEDE**
1 bal wit hekelgare en ½ bal ligblou hekelgare, staalhekelpen.

**AANWYSINGS**
Vir vatlap word eers sirkel met kortbeentjies en hieraan word romp met langbeentjies gehekel. Begin sirkel met wit. Hekel 8 ks en las met gls om ring te vorm. Hekel 10 kb in ring. Hekel nog 9 rye in kb spiraalsgewys en verm 1 steek na elke 3e steek. Laaste ry word met ligblou garing gehekel. Herh laaste ry en steek hekelpen deur spasies van vorige ry.

**WAAIERMOTIEF**
Gebruik wit en hekel * 2 lb in dieselfde spasie, 1 ks *. Herh 7 keer.
Slaan dan 13 spasies oor en begin weer: * 2 lb in dieselfde spasie, 1 ks *. Herh 7 keer.
Op dié wyse word sirkel dubbel gevou en waaiermotief ook spiraalvormig gehekel.
1e Ry: * 2 lb in dieselfde spasie 1 ks, slaan 1 spasie oor *
2e Ry: Soos 1e ry.
3e Ry: * 4 lb in middel van 2 lb van vorige ry gehekel, 1 ks *.
4e en 5e Ry: Soos 3e ry.
6e-9e Ry: * 6 lb in middel van 4 lb van vorige ry, 1 ks *.
Laaste Ry: * 8 lb in middel van 6 lb van vorige ry *. Vou hekelwerk dubbel sodat geskulpte randjies mekaar oorvleuel. Hekel 1 ry kb met ligblou gare om albei kante aanmekaar te heg. Hekel dan vertikale kettingsteek tussen twee rye waaiermotiewe om strale te vorm. Hekel lussies bo-op: hekel 10 ks met ligblou en ry kb.

## KAPOKHAANTJIE

**BENODIGDHEDE**
1 bal wit hekelgare en oorskietstukkies rooi en geel; hekelpen.

**AANWYSINGS**
Die lyf van die haan word in 'n ronde fatsoen met kb gehekel wat weens al die vermeerderings 'n golwende fatsoen kry. As dit dubbel gevou word, vorm die een punt die kop en die ander punt die begin van die stert van die haan.
Gebruik wit en begin met 8 ks en las met gls om ring te vorm.
1e Ry: Hekel 20 lb in ring.
2e Ry: 2 lb in elke lb.
3e Ry: * 3 lb, 2 lb in dieselfde spasie *.
4e Ry: * 6 lb, 2 lb in dieselfde spasie *.
5e Ry: Hekel voort in lb tot 12e ry en verm aantal ste wat nodig is om hekelwerk golwende fatsoen te gee. Behalwe vermeerderings wat hier en daar gemaak word, maak nog 2 in elke ry bo-op dié van vorige ry sodat vou van kop en stert duidelik sigbaar is.
Wanneer eerste sirkel voltooi is, hekel nog een en hekel dit dan met ry kb om laaste rye aanmekaar vas.
Vou dubbel en pars.
Hekel aan een punt kam, bek en bel en aan ander punt stert en pote in middel. Hekel lussie in middel sodat dit opgehang kan word.
**STERT:** Gebruik vier drade hekelgare en hekel paar fraiings aan stertkant.
**POTE:** Hekel amper in middel van onderste kurwe: 1 kb, 3 lb in dieselfde spasie (3 keer), 1 kb. Omdat vatlap onder oop bly, moet pote nie aanmekaar gewerk, maar afsonderlik gemaak word.
**BEL:** Soos aangegee vir poot in posisie soos aangetoon op foto.
**BEK:** Gebruik dubbeldraad geel en hekel 4 kb, dan 3 kb en dan weer 3 kb oor vorige, dan 2 kb en eindig dan af. Die bek is enkel.
**KAM:** Gebruik rooi hekelgare er in posisie soos op foto getoon:
1e Ry: 1 lb op elke lb en daal met 2 kb na eindpunt van kam by rug.
3e Ry: Hekel kb in alle spasies (altyd laer af).
4e Ry: * 1 kb, 1 klein lussie van 3 ks *.
**Klein Lussie:** Gebruik rooi en in middel bo-op rug hekel 14 ks, draai en hekel 1 kb in vlg 10 ks; heg af; dit vorm lussie om aan op te hang. ●



